1. **Positiewe Punte**
    - ‘n Lys waarop aangedui word waarvoor positiewe punte toegeken word, sowel as hoeveel punte, is beskikbaar by die dissiplinekantoor.
    - Wanneer die leerders aan die nodige vereistes voldoen, word die akademiese punte deur die vakpersoneel ingelees.
    - Die sport- en/of kultuurpunte word ingelees soos bepaal deur die organiseerder van daardie aktiwiteit. Dit sal deur die afrigter – òf twee dae na afloop van wedstryd/aktiwiteit, òf aan die einde van die seisoen - deur die organiseerder of die aangewese persoon, ingelees word.
2. **Kobradag**
    - Een keer per jaar word die leerders bederf met ‘n dag van pret.
    - Ons kies die top-100 leerders per graad volgens die aantal positiewe punte wat hulle opgebou het vanaf kwartaal 4 tot kwartaal 3 die volgende jaar. Dit beteken dat die graad 8-leerders gekies word op slegs 3 kwartale se punte.
    - Die leerder betaal ‘n sekere bedrag (wat elke jaar bepaal word na gelang van waarheen ons gaan) om hierdie dag mee te maak.
    - GEEN leerder wat nie op die lys is nie, mag self ry om die dag saam met die skool te geniet nie.
    - Indien ‘n leerder hom-/haarself aan die volgende skuldig maak, word hulle van die lys verwyder en mag dan nie saam gaan nie:
        - enige ernstige wangedrag tydens ENIGE skoolaktiwiteit;
        - indien die leerder deur die dissiplinêre paneel van die BL op ‘n kontrak geplaas is;
        - indien die betaling en/of die voltooiing van die vrywaringsvorm nie betyds gedoen is nie.

## 3. Waardebalkies-sisteem

- Alle leerders het die voorreg om deel te hê aan hierdie balkies.
- Die leerders moet egter hierdie balkies koop deur ‘n eenmalige R50 by die finansieskantoor te betaal. Indien die leerder ‘n balkie verloor, moet hulle weer R50 betaal om daardie balkie te vervang.
- Die balkies word uitgedeel na gelang van die aantal positiewe punte wat die leerder vanaf graad 8 akkumuleer. Die punte word nie elke jaar van voor af bepaal nie. Die punte akkumuleer vanaf graad 8 tot graad 12.
- Die doel hiervan is om die leerder die geleentheid te gee om te spog met hulle betrokkenheid en dat hy/sy eers aan die einde van graad 11 tot die middel van graad 12, die laaste balkie - Genuine-JV - kan kry.
- Die balkies word soos volg - met die punte behaal - toegeken:
  -  - 75 punte
  -  - 150 punte
  -  - 225 punte
  - 
 - 300 punte
  - 
 - 600 punte
  - 
 - 900 punte
  - 
 - 1200 punte
  - 
 - 1500 punte
  - 
 - 2000 punte
- Hierdie punte kan dan op D6 dopgehou word en ook bevestig word by die personeel, wat onder leiding van mnr Swart, daarby betrokke is.

100% GENUINE JV SEDERT 1962

012 332 1760 info@htsjv.co.za
Meyerstraat 1072, Rietfontein, Pretoria, 0186

- Een van die wapenbalkies gaan toegeken word as ‘n ekstra beloning vir die leerders wat in die jaar aan AL die pretdae deelneem. Die balkie sal tussen die drie wapens roteer.

100% GENUINE JV SEDERT 1962